

Beste Rosa

Onlangs het jy my gevra of dit van der Ben of van der Ven is. Wat die aanleiding tot jou vraag was weet ek nie meer nie.

Daarom antwoord ek jou maar uitgebreid, dalk is dit iets vir Pre-e-toria Geselsbrief.

Dan Ben Pretorius se navraag oor Andrews en Ploeger se boek *Straat- en Plekname van Ou-Pretoria*. Daar is nog 'n paar eksemplare beskikbaar by Protea Boekhandel, Burnettstraat, Hatfield. Ben jy moet vinnig ry want die boek word (is) *Africana*. Koop sommer twee, oor 'n paar jaar maak jy 500% wins.

Groete

Anton

2003.05.18

Jare gelede het Dr Ben Cronje, direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (NASKO) 'n artikel in *Pretoriana* gepubliseer oor die Erasmuskasteel en beweer dat van der Ben die argitek was. Daarna het elke moontlike navorser, geskiedskrywer, joernalis en student ongekontroleerd die bron aangehaal.

Met baie respek aan Ben Cronje wil ek hiermee 'n fout regstel.

Bitter min is oor die argitek F van der Ben (nie van der Ven nie) bekend. Hy was waarskynlik een van Kruger's Hollanders en was dus 'n staatsamptenaar. Na Junie 1900 het heelwat Hollanders die staatsdiens verlaat omdat hulle nie die eed van getrouheid teenoor die Britse monargie wou aflê nie. Van der Ben het toe werk gekry by die bekende argitek J.W. Leslie Simmonds wat o.a. saam met Tom Claridge die tweede kerk op Kerkplein ontwerp het asook die Erasmusgebou op Kerkplein waar tans Eerste Nasionale Bankgebou-anneks staan.

Simmonds kry in 1903 opdrag van Jochemus Johannes Petrus Erasmus (Oom Jochem) om op die plaas Garstfontein 374JR 'n herehuis te ontwerp. Uit argitektuurboeke kon ontwerpe gekies word en die Amerikaanse "Colonial" styl (ook bekend as die Stick styl) het in die smaak van oom Jochem geval. Van der Ben, wat dus in diens van Leslie Simmonds was, het toesig oor die bouery gehad en het ook die maandelikse betalingsertifikate uitgeskryf., vandaar dat ons sy handtekening op rekord het. Die huis is in 1904 teen 'n koste van 6800 pond voltooi en word Bella Vista gedoop

Intussen sit die Stadsraad van Pretoria in die knyp want hul bekwame personeel het bedank en Pretoria brei geweldig uit na die oorlog. Sodoende kom van der Ben weer terug by die Stadsraad en waarskynlik het hy die tuinierswoning in Burgerspark ontwerp want daar is soveel ooreenkomste tussen die woning en die Erasmuskasteel dat dit net nie toevallig kan wees nie.

Dan in 1910 duik sy naam weer op. August Karlson 'n ingenieur in privaatpraktyk rig 'n brief aan die Stadsraad (28 Maart 1910) waarin hy met voorstelle oor die ontwerp van Kerkplein kom en dan skryf hy: *"Details of Balustrade as well as of the Oval garden are not proposed. The Town Council's own Architect, Mr.V.D. Ben, is on this subject more competent than me and he should during his prochain leave be instructed to collect motives from the Parks of the Hague, Paris,....."*

Anton Jansen